



UNIVERSITEIT STELLENBOSCH UNIVERSITY

Personeel Welwees

Tipe dokument:	Beleid
Doel van die beleid:	Deur die daarstelling van 'n welweesbenadering wil die Universiteit deur middel van stelsels en prosedures personeel ondersteun en bemagtig om probleme wat hulle in hul persoonlike lewens en binne werkverband ervaar, op te los
Goedgekeur deur:	Raad
Goedkeuringsdatum:	2012/02/01
Implementeringsdatum:	2012/02/01
Datum van volgende Hersiening:	Soos nodig
Datum(s) van vorige Hersienings:	Geen
Beleideienaar¹:	Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel
Beleidkurator²:	Hoofdirekteur: Strategiese Inisiatiewe en Menslike Hulpbronne
Sleutelwoorde:	Welwees
Geldende Weergawe:	Ingeval van geskille ten opsigte van interpretasie, word die Engelse weergawe van hierdie beleid as die geldende weergawe aanvaar.

US Beleide is beskikbaar by www.sun.ac.za/policies

¹ Beleideienaar: Hoof(de) van Verantwoordelikhedsentrum waarbinne die beleid funksioneer.

² Beleidkurator: Administratiewe hoof van die afdeling verantwoordelik vir die implementering en instandhouding van die beleid.



UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner

PERSONEEL-WELWEES

DOEL

Die Universiteit Stellenbosch stel 'n hoë premie op en bevorder te alle tye die welstand van sy personeel. Deur die daarstelling van 'n welweesbenadering wil die Universiteit deur middel van stelsels en prosedures personeel ondersteun en bemagtig om probleme wat hulle in hulle persoonlike lewens en binne werkverband ervaar, op te los. Die Universiteit is oortuig dat probleme wat vroegtydig geïdentifiseer en verwys word, tot voordeel van die personeellid en die Universiteit opgelos kan word, en glo dat dit 'n organisasiekultuur met 'n ingesteldheid van omgee en taakgerigtheid sal bevorder.

WELWEESBENADERING BINNE 'N BEPAALDE KONTEKS

Die welweesbenadering aanvaar en respekteer die beginsels en bepalings soos neergelê en voorgeskryf deur toepaslike wetgewing en statutêre beleid, en is verplig om binne hierdie bepaalde konteks aan sy doelstellings uitvoering te gee.

In samewerking met gevestigde ondersteuningstrukture, dienssentra en vakbonde binne die Universiteit, soos gesondheidsorgdienste, beroepsgesondheid en veiligheid- en MIV/vigs-projekte, word daar na die welstand van die personeel omgesien. Die dienste van interne en eksterne kundiges en professionele persone word aangewend om personeel by te staan in tye van spanningsvolle, emosionele en traumatiese ervarings wat hulle persoonlike lewens asook hulle werkprestasie beïnvloed.

VERWYSINGS

Die welwees-funksie maak 'n integrale deel uit van die breë Menslike Hulpbronne-kliëntediensfunksie. Die Universiteit maak veral van Menslike Hulpbronne se praktisyns

en die Bestuurder: Werknemer Welwees, gebruik vir dienslewering aan die omgewings waarvoor hulle verantwoordelik is.

Van die dienste wat gelewer word, sluit in bystand aan personeel en hulle gesinne tydens sterftes, traumatiese ervarings en terminale siekte, hulp met afhanklikheidsprobleme asook berading en stresshanteringskursusse. Personeel kan vrywillig die welwees-afdeling nader indien een of ander probleem ondervind word, of kan ook deur hulle lynbestuur daarheen verwys word. Alle gevalle sal vertroulik hanteer word.